



# Die Tandemuis kom kuier

is spesiaal vir jou geskryf

(Kind se naam)

(Spesiale boodskap)

(Van : "Naam")

Die Hangkashaas Uitgewers
www.diehangkashaas.co.za

ISBN 978-1-0672494-5-8

Eendag lank, lank gelede het daar 'n bruin en wit Jack Russel hondjie met die naam, (Kind se naam), op 'n diereplaas gewoon.

(Kind se naam) se ouers wou altyd graag 'n baba hê, en toe hy gebore is, het hulle hom na die Bengaalse tier (Kind se naam) vernoem, wat hulle baie bewonder het.

(Kind se naam) was 'n baie klein hondjie. Behalwe vir Mickie die muis, was hy eintlik die kleinste diertjie op die plaas, maar sy naam het hom baie moed gegee.







Hy het die hart van 'n tier gehad en geglo dat hy enigiets kan doen.  Sy grootte het nie gekeer dat hy die 'baasspelerigste' dier op die plaas was nie.

Hoewel al die diere respek vir hom gehad het, was hulle effens skrikkerig vir hom.

Partykeer het selfs sy maatjies, (Maatjie se naam) Bul en Vaatjie Vark weggehardloop as hy in die nabyheid was.

Die bobbejane was nie bang vir hom nie, maar dit het nie gekeer dat hy teen die hoogste berg opgehardloop het om hulle weg te jaag nie.

In die aand het (Kind se naam) die lusernlanderye goed dopgehou ingeval 'n bosvark lus was vir 'n lusernhappie vir aandete.

Niks kon die klein hondjie met die hart van 'n tier afskrik nie.







Een dag het (Kind se naam) nie baie goed gevoel nie.

Sy tand het begin snaaks voel en hy het besef dat dit los was.

Hy was skaam en bang, omdat hy bekommerd was dat die ander diere vir hom sou lag as sy tand uitval.

(Kind se naam) het opgehou om op die plaas rond te stap soos wat hy altyd gedoen het en in die groot stal gaan wegkruip.

Hoewel (Kind se naam) nie altyd goed opgetree het teenoor die ander diere op die plaas nie, het almal baie vir hom omgegee en het hulle dadelik geweet dat iets verkeerd was toe hy skielik vir 'n paar dae verdwyn.





Almal het geroep en gesoek maar (Kind se naam) was nêrens te vinde nie.

Tot een oggend vroeg…kry sy mamma, (Mamma/Tannie se naam), hom vas aan die slaap in die stal.

(Kind se naam), wat is fout?", het sy mamma gevra terwyl sy afbuk om hom van nader te bekyk.

"Iets is verkeerd in my mond, my tand wikkel as my tong daaraan raak en dit is seer as ek eet", het hy saggies getjank terwyl hy met sy donserige wit pootjie na sy tand wys.







Mamma (Mamma/Tannie se naam) het bewustelik geglimlag en begin om vir (Kind se naam) alles omtrent die Tandemuis te vertel.

“Jy sien (Kind se naam), wanneer jy klein is, het jy babatandjies.  Wanneer jy groot en sterker word, het jy groot tande nodig sodat jy groot, sappige bene kan kou! Maar jy kan eers groot tande kry nadat jy jou babatande verloor het.”

(Kind se naam) het geskok na sy mamma  gekyk.  Hy kon nie glo wat hy hoor nie.

Hy het homself in 'n klein bondeltjie opgerol terwyl hy na sy mamma luister met sy een oortjie boontoe gespits.

“Dit is glad nie 'n slegte ding om jou tande te verloor nie”, sê mamma (Mamma/Tannie se naam) en vertel die res van haar storie terwyl sy vir (Kind se naam) saggies op sy koppie lek.





Om meer te lees, besoek gerus on webtuiste.

Onthou asb wanneer jy ‘n aanlyn boekie bestel sal die storie geskryf word volgende jou kind se unieke omstandighede. (Karakters se name word vervang met die kind se familie en vriende se name)

Kliek gerus hier om ons webtuiste te besoek